Saam bou ons 'n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary
DOELGERIG

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE | 15 APRIL 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

A grateful heart is a magnet for miracles.

SKOOL SLUIT

Moeilik om te glo... maar die skool sal volgende week, 23 April 2021 om 09:00, sluit vir die eerste skoolvakansie van 2021.

In ag geneem die "onsekerheid" met die heropening van skole in Januarie 2021, kan ons werklik met trots terugkyk na wat die skool, personeel, en leerders gedurende hierdie kwartaal bereik het.

"Weerstand is soms die sleutel tot geleentheid".

Die personeel het die "nuwe" kurrikulum- en meer, aan die leerders oorgedra. Ek wil uit my hart, dankie sê aan ons wenner Riebie-personeel wat nie 'n oomblik vir uitdagings teruggestaan het nie en die leerders eerste geplaas het.

AKADEMIESE VERSLAE

Skole is afhanklik van die Onderwysdepartement se diensverskaffer om punte te verwerk en akademiese verslae te druk.

Ongelukkig het die GDO nog nie die nodige sagteware aan skole beskikbaar gestel nie. Sodra ons dit ontvang, sal ons voortgaan met die druk van verslae.

Indien ons dit nie ontvang nie, sal ons genoodsaak wees om eers volgende kwartaal verslae te druk.

Ons sal ouers op hoogte hou.

Ons voorlopige beplanning is soos volg:

<u>Donderdag - 22 April 2021 (om 13:00)</u>

Graad 1 – 3 : (Leerders ontvang verslae aan die einde van die skooldag. Hierdie leerders hoef dus nie skool toe te kom op Vrydag, 23 April 2021, nie).

Vrydag - 23 April 2021 (vanaf 06:45 – 09:00)

Graad 4 – 7 : (Leerders haal verslae af en vertrek direk daarna huis toe. Geen akademiese program word gevolg nie, en leerders hoef ook nie skooldrag te dra nie).

Geen akademiese program word dus op Vrydag, 23 April 2021, gevolg nie. Leerders haal slegs verslae af en kan weer huis toe gaan, of by die Naskoolsentrum aansluit. Die Naskoolsentrum sal op die bogenoemde datums, sowel as gedurende die skoolvakansie oop wees.

SKOOL HEROPEN

Die skool sal weer op 3 Mei 2021 soos normaal voortgaan.

"Never let the things you WANT make you forget the things you HAVE."

!! PRETDAG – GRAAD R & GRAAD 1 (2022) !!

Die voornemende Graad R- en Graad 1-leerders vir 2022, sien met groot opgewondenheid uit na ons oggend van pret, wat **eerskomende Saterdag, 17 April 2021, tussen 08:00 en 10:00** plaasvind. Voornemende Gr R- en Gr 1-leerdertjies en hul ouers kan kom deel in die **ontdekkingsreis** hier by die skool**.** (Ons versoek vriendelik dat geen boeties en sussies saamgebring word nie).

V Botha | Skoolhoof

Akademie

KONTAK MET ONDERWYS-PERSONEEL

Ons doen 'n dringende beroep op ons ouers om asseblief nie die onderwysers te skakel of WhatsApp-boodskappe aan hulle te stuur gedurende klastyd nie. Dit onderbreek die akademie en veroorsaak ontwrigting vir die leerders in die klas en vir die onderwyser. Ouers wat dit nodig vind om onderwys-personeel te kontak, moet dit asseblief tussen 07:00 en 07:30 in die oggende, of 14:00 tot 15:30 in die middae doen. Ouers kan ook 'n e-pos boodskap aan die betrokke personeellid stuur. Ons waardeer u samewerking.

Sport

SPORT-OEFENING: LEERDERS WAT NIE BETYDS AFGEHAAL WORD NIE

Indien leerders nie teen **16:30** (op Maandae tot Donderdae) by die sporthek afgehaal is nie, sal leerders na die hek by Swartwildebeesstraat (oplaai en aflaai inry-hek) vergesel word, waar ouers hul dan kan oplaai. **Ons doen 'n beroep op ouers om asseblief betyds te wees.**

NETBAL - DISTRIKSPROEWE

Dogters wat gekies is vir die Dorpspan (Kempton-span), sal op 17 April 2021 Distriksproewe by **Laerskool Bredell** speel. Tye sal via afrigters op WhatsApp-groepe aan ouers gekommunikeer word.

NETBAL-OEFENING VIR O/9's – O/13's

** GEEN OEFENING OP 22 APRIL 2021 NIE **

19 April 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
14:15 – 15:15	O/13 A & B	O/10 C & O/11 C	O/12 A & B	Al die O/9's
15:15 – 16:15		O/12 C & O/13 C		

20 April 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
14:15 – 15:15	O/13 A & B	O/10 C & O/11 C	O/12 A & B	Al die O/9's
15:15 – 16:15		O/12 C & O/13 C		

21 April 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
14:15 – 15:15	O/10 A & B	O/11 A & B	O/10 C & O/11 C	Al die O/9's
15:15 – 16:15		O/12 C & O/13 C		

NETBAL-OEFENING VIR O/7 & O/8

** GEEN OEFENING OP 22 APRIL 2021 NIE **

20 April 2021

TYD	BAAN 1	BAAN 2	BAAN 3	BAAN 4
13:30 – 14:15				O/7 & O/8

RUGBY OEFENING

Alle COVID-19 regulasies word gevolg. **Seuns moet hul eie waterbottels saambring. Seuns kan nie by die krane gaan water drink nie.**

MAANDAE	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:15
	O/11, O/12 & O/13	15:15 – 16:15

DINSDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:10
	O/9 & O/10	15:15 – 16:15
WOENSDAE	O/9	13:40 – 14:30
	O/10	14:15 – 15:15
	O/11, O/12 & O/13	15:15 – 16:15
DONDERDAE	O/11, O/12 & O/13	14:15 – 15:15
	O/9 & O/10	15:15 – 16:15

RUGBY-OEFENING VIR O/7 & O/8

MAANDAE	13:30 – 14:15
WOENSDAE	13:30 – 14:15

TENNIS

Oefening vir **Graad 4 – Graad 7** leerders vind as volg plaas:

Dinsdag : 06:00 – 07:00
Donderdag : 06:00 – 07:00

Onthou jou waterbottel en tennisraket. Leerders mag LOV-drag dra.

Let wel: Leerders sal nie op die baan toegelaat word sonder tekkies nie.

= You miss 100% of the shots you don't take" ~ Wayne Gretzky =

Tennis-ontwikkeling vir Graad 1 – Graad 3 leerders

Sal in die tweede kwartaal begin. Dae en tye sal nader aan die tyd in die Riebie Klanke gekommunikeer word.

SKAAK

Oefentye is as volg en sal in Juffrou Lizette de Nysschen se **klas (G12)** plaasvind:

Graad 1 – Graad 3 : Woensdae 14:00 – 15:00

Graad 4 – Graad 7 : Woensdae 15:00 – 16:00

Kultuur

REDENAARS

Die skool is trots op die Graad 1 – Graad 3 leerders wat reeds aan die Afrikaanse Interne Redenaars deelgeneem het. Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het:

Graad 1

Daniel Sauer	1ste plek
Mieke Bothma	2de plek
Isabella Botha	3de plek

Graad 2

Amika Theron	1ste plek
Elzaan Fourie	2de plek
Jano van der Westhuizen	3de plek

Graad 3

Jean-Miné Brits	1ste plek
Juandro Barnard	2de plek
Tessa Pretorius	3de plek

Redenaars - Top 9 : Graad 1 - Graad 3

1. Jean-Miné Brits
2. Amika Theron
3. Daniel Sauer
4. Mieke Bothma
5. Elzaan Fourie
6. Jano Van der Westhuizen
7. Isabella Botha
8. Benjamin Mace
9. Danrich Neuhoff

Algemeen

"BUFFS" vs MASKERS

Ons vind dat leerders deesdae allerhande gekleurde "buffs" skool toe dra, instede van 'n masker. Leerders gebruik nou hierdie buff bo-oor die ore en oë en dit is 'n bekommernis vir die personeel. Ons vra dat leerders asseblief nie buffs sal dra nie en gebruik sal maak van 'n masker.

22 APRIL 2021 – GROEN TEMA

Die Riebies plant **SPEKBOME** volgende Donderdag, 22 April 2021 !!! Ons gaan 10 spekbome plant en so ook ons deel doen vir die omgewing, as deel van die Nasionale jeug-projek.

Ons tema is **GROEN**! Leerders kan op kreatiewe maniere wys hoe hulle hierdie dag ondersteun.

Deel van hierdie projek is ook om ons 1ste netbal- en rugby spanne te ondersteun met ‘n fondsinsameling, omrede ons nie vanjaar geleentheid mag skep om fondse in te samel nie.

Leerders mag met gewone klere skool toe kom. Onthou ons tema is **groen**. Ons vra dat leerders asseblief ‘n klein donasie van R5-00 sal betaal, voor of op 22 April 2021, om ons 1ste spanne te ondersteun wat aan toernooie deelneem.

LEERDERS WAT NIE BETYDS AFGEHAAL WORD NIE

Indien leerders nie teen 14:15 (op Maandae tot Donderdae) en 13:15 (op Vrydae) by hul onderskeie hekke afgehaal is nie, sal leerders na die hek by Swartwildebeesstraat (oplaai en aflaai inry-hek) vergesel word, waar ouers hul dan kan oplaai. **Ons doen ‘n beroep op ouers om asseblief betyds te wees.**

DISSIPLINE

Die dissipline-stelsel is in werking, wat beteken dat negatiewe- en positiewe inskrywings, waar van toepassing, aan leerders gegee kan word.

➢ Leerders kan positiewe inskrywings ontvang vir:

- Goeie gedrag wat aanvaarbaar is in die gewone loop van sake, en normale orde en dissipline bevorder;
- Goeie assesseringspunte; en
- Goeie algemene prestasies.

Leerders word aangemoedig om hard te werk met die doel om positiewe inskrywings te ontvang. Indien ‘n leerder 15 positiewe punte ontvang het, sal die leerder ‘n wit balkie ontvang.

➢ Leerders kan negatiewe inskrywings vir onder andere die volgende ontvang:

- Gedragsprobleme;
- Onvoltooide huiswerk; en
- Konfrontasie met ander leerders.

Indien ‘n leerder 15 negatiewe punte ontvang het, sal die leerder detensie moet sit wat gedurende pouse-tye sal plaasvind. Ouers sal wel ‘n skrywe ontvang wat u in kennis gaan stel indien u kind/ers detensie moet bywoon.

Neem asseblief kennis dat daar op 22 April 2021 inspeksie by die seuns en dogters sal plaasvind.

- Seuns se hare en kleredrag.
- Dogters se naels, hare en kleredrag.

Alle leerders se hare en kleredrag moet asseblief te alle tye netjies en volgens skoolreëls wees. Leerders mag skool LOV-kleredrag of die skool uniform skool toe aantrek.

CANSA SPAARVARKIES

!!! Daar is nog net ‘n week oor !!!

Party grade het reeds 2 “varkpensies” volgemaak! Wonder wie gaan wen?!

Kom ons wend ‘n laaste poging aan om mense met kanker te ondersteun.

OLYF

Toebroodjie mammas, BAIE DANKIE vir jul omgee en liefde waarmee lekker broodjies, vrugte en sap, elke dag gepak en voorsien word. Ons as personeel en Riebie leerders waardeer julle!

GEWONE KLERE WAT GESKENK IS: Die skool het baie gewone klere ontvang vir behoeftige leerders en wil graag vir ouers wat wil kom kyk na die klere, versoek om vir Mev. Ansa Mulder by die skool te kontak om die nodige reëlings te tref.

ARTIKEL 18 A

Donasies aan Laerskool Van Riebeeckpark kwalifiseer vir aftrekking van inkomstebelasting, *ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet*.

'n Geldige belastingkwitansie sal deur die skool aan die skenker voorsien word, as bewys van die ontvangste van ‘n bona fide donasie.

Ouers, enige ander persone en selfs besighede, wat 'n bona fide donasie maak aan Laerskool Van Riebeeckpark, is geregtig op 'n belasting aftrekking van die donasie teenoor hulle belasbare inkomste indien:

1. *Die eis ondersteun word deur die geldige kwitansie vir die donasie wat gemaak is; en*
2. *Die donasie nie meer as 10% van die skenker se jaarlikse belasbare inkomste oorskry nie.*

GRAAD R - 2022

Sien Pretdag besonderhede op bladsy 1 van hierdie nuusbrief.

Aansoeke vir **Graad R (2022)** by Hasie Kwassie open op **Woensdag, 5 Mei 2021**. Aansoekvorms is beskikbaar by Me. Naomi van Niekerk in die skoolkantoor. Ouers wat aansoekvorms by die Pretdag ontvang het, moet dit asseblief volgens die instrukies/riglyne soos aangedui, in 'n geseëlde koevert gerig aan Me. Naomi van Niekerk, in die blou houer by die skoolkantoor se ingangs-hekkie in Rustiglaan plaas. Die aansoeke sal vanaf die openingsdatum, op 5 Mei 2021, verwerk word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 9 Junie 2021. Vir enige navrae met betrekking tot Gr R aansoeke, stuur asseblief 'n e-pos na naomi@riebie.co.za. Die **amptelike inskrywing** van suksesvolle aansoekers sal **enige tyd tussen Julie 2021 en einde Augustus 2021** plaasvind.

Die volgende **verpligte stawende dokumente** moet saam met die aansoek ingedien word:

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat.
- Afskrif van Inentingskaart/rekord.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se ID dokumente.
- Bewys van adres, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

GRAAD 1 - 2022

Die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** is nog nie deur die Departement van Onderwys aangekondig nie. Hou asseblief die media en die skool se nuusbriewe en skrywes dop vir die openingsdatum en vir meer inligting.

Sodra die datum aangekondig word, moet ouers vanaf dié spesifieke openingsdatum, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** by www.gdeadmissions.gov.za aansoek doen.

Die skool sal mettertyd meer inligting hieroor met ons ouers deel.

FOTO-DAG

Individuele- en sibbe foto's sal op **20 April 2021 en 21 April 2021** geneem word. Briewe is reeds aan leerders gegee. Die kostes is **R60-00 per pakket** en sluit die volgende grootte foto's in:

1 x 15cm x 20cm
1 x Poskaart
4 x ID
3 x Beursie

Indien u 'n bestelling wil plaas, moet u asseblief die bestelvorm voltooi en saam met die bewys van betaling, of die korrekte kontantbedrag saam met u kind na die klasonderwyser toe stuur. Plaas asseblief bogenoemde in 'n geseëlde koevert met u kind se naam, van, graad en hoeveel stelle foto's u bestel, bo-op die koevert aan.

- Individuele foto-bestellings word apart by elke kind se klasonderwyser ingehandig.
- Sibbe foto-bestellings word by die oudste kind se klasonderwyser ingehandig.

ALLE FOTO-GELDE MOET INBETAAL WEES, OF BEWYS VAN BETALING INGEHANDIG WEES, TEEN 16 APRIL 2021.

GEEN LAAT FOTO-BESTELLINGS OF BETALINGS GAAN AANVAAR WORD NIE, want die Fotograaf word vooraf in kennis gestel van die hoeveelheid foto's wat geneem moet word.

Ons vra daarom **GROOT ASSEBLIEF** ouers se samewerking in dié verband. Ons vertrou dat ons op u kan staatmaak.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 19 APRIL 2021 – 23 APRIL 2021

MAANDAG	BOBOTIE EN RYS	VRUG/TOEBROODJIE & SAP
DINSDAG	KOUEVLEIS ROLLETJIE	VRUG & SAP
WOENSDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	HOENDER PASTEI	VRUG/TOEBROODJIE & SAP
VRYDAG	PIZZA	SKYFIES/VRUG & SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***